# HUISBEWONERS AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies of Skade aan die geheel of ‘n gedeelte van die Inhoud soos omskryf en in die bylae beskryf, wat deur die Versekerde of enige Medeversekerde besit word of waarvoor hulle verantwoordelik is deur die versekerde gevare soos hieronder aangedui, maar slegs indien sodanige gevare in die bylae as ingesluit vermeld word.

Vir interne markeringsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## OMSKRYWINGS

**Medeversekerde** sal beteken die gade van die Versekerde en enige ander familielid van die Versekerde of familielid van die gade van die Versekerde, mits die voormelde familielid normaalweg by die Versekerde inwoon.

**Inhoud** sal beteken huishoudelike goedere en persoonlike besittings van allerlei aard, en vaste uitrusting en toebehore alles onderwyl dit gehou word in die geboue van die Versekerde se Private Woning en Huishoudelike Buitegeboue soos in die bylae vermeld, maar uitgesluit:

1. vaste uitrusting en toebehore wat aan die eienaar van die Geboue behoort;
2. Geld.

**Huishoudelike buitegeboue** sal beteken die gebou(e) van alle huishoudelike vertrekke, private motorhuise en private buitegeboue wat op dieselfde perseel is as en gebruik word slegs in verband met, maar wat nie direk toegang tot die Versekerde se Private Woning verleen nie.

**Versekerde se Private Woning** sal beteken die gebou van die Versekerde se private woonhuis/woonstel waarvan die konstruksie en ligging is soos in die bylae vermeld word.

**Geld** sal beteken kontant, tjeks, reisigerstjeks, posorders, geldorders, reis- en ander kaartjies, geskenkbewyse/-kaarte en geldige posseëls.

## VERSEKERDE GEVARE (maar slegs daardie gevare in die bylae as ingesluit vermeld)

**Nota:** Sommige versekerde gevare sal oor hulle eie spesifieke versekerde bedrae beskik wat in die bylae vermeld word, in welke geval sodanige gevare onderhewig is aan sodanige vermelde versekerde bedrag. Ander versekerde gevare sal nie oor hulle eie spesifieke versekerde bedrae vermeld in die bylae beskik nie, in welke geval sodanige versekerde gevare onderhewig sal wees aan die versekerde bedrag van die item waarop dit van toepassing is in die bylae.

**Brand** insluitende skade veroorsaak deur rook wat regstreeks uit sodanige brand voortspruit;

**Weerlig of donderslag** insluitende skade veroorsaak deur kragstuwings wat regstreeks uit sodanige weerligslae voortspruit;

**Ontploffing**;

**Aardbewing** of dit voortspruit uit mynboubedrywighede of andersins en met inbegrip van skade veroorsaak deur vloedgolwe of tsoenami’s wat regstreeks uit sodanige aardbewing voortspruit;

**Weer en water.** Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal weerskade beteken skade veroorsaak deur storm, wind, water, hael of sneeu.

Hierdie gevaar dek nie:

1. verlies of skade aan Inhoud wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

2. verlies of skade aan Inhoud veroorsaak deur vloedgolf of tsoenami wat voortspruit uit aardbewing;

3. slytasie of geleidelikwerkende agteruitgang;

4. verlies of skade aan Inhoud veroorsaak of vererger deur insakking of grondverskuiwing;

5. verlies of skade aan Inhoud veroorsaak of vererger deur die Versekerde se versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir die onderhoud en veiligheid van die versekerde Inhoud en om enige skade tot 'n minimum te beperk

6. verlies of skade aan Inhoud in enige struktuur wat nie geheel en al onderdak is nie.

**Impak**. Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal impak beteken impak deur:

1. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word, (insluitende soniese skokgolwe of enige ander skade veroorsaak deur lugvaartuie);

2. rotse, klippe of rotsblokke (uitgesluit impak veroorsaak deur grondverskuiwing, die opsetlike of voorbedagte of moedswillige dade van enige persoon wat gepleeg word met die bedoeling om sodanige skade aan te rig of impak deur meteoriete, astroïede of soortgelyke liggame wat die aarde se atmosfeer binnekom);

3. diere, bome, antennas, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennas, satellietskottels of voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

**Kwaadwillige beskadiging**. Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal kwaadwillige beskadiging beteken skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die doelbewuste of opsetlike of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die bedoeling om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

1. roerende Inhoud wat

   1.1 gesteel word;
   1.2 beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word

2. roerende of onroerende Inhoud wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of gepoog word om in of uit te breek.

3. onroerende Inhoud wat deur die Versekerde besit word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

   3.1 die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

   3.2 die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe van

   die vermelde onroerende Inhoud of enige gedeelte daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel.

Met dien verstande dat hierdie gevaar nie dek nie:

1. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

3. skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

4. skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

5. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1 (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1 tot 5 hierbo beweer dat hierdie gevaar nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Gedurende die aanvanklike 30 dae tydperk van onbewoning, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae teenoor “Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van 30 dae)” aangedui is indien die Versekerde se Private Woning vir 30 opeenvolgende dae of meer onbewoon gelaat word.

Indien die tydperk van onbewoning 30 opeenvolgende dae oorskry, word die versekering ingevolge hierdie gevaar opgeskort vanaf dag 31 ten opsigte van die geraakte Eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige kwaadwillige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van versekering in terme van hierdie gevaar. Enige uitbreiding van dekking en die bepalings sal geheel en al na goeddunke van die Maatskappy wees. Indien die Maatskappy sodanige skriftelike toestemming verskaf om die opskorting van dekking tersyde te stel, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae teenoor “Eerste bedrag betaalbaar: % van eis (bykomende bedrag gedurende tydperk van onbewoning van meer as 30 dae)” vir enige verlies wat plaasvind gedurende enige ooreengekome verlengde tydperk.

**Diefstal of enige poging daartoe** vanuit die Versekerde se Private Woning of Huishoudelike Buitegeboue, maar met uitsluiting van:

1. diefstal (of enige poging daartoe) terwyl die geboue of enige deel daarvan uitgeleen, verhuur of onderverhuur is, tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaardgaan met inbreek in of uitbreek uit die geboue deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele. Vir die doeleindes van hierdie versekerde gevaar sal die inneem van gaste wat betaal, kosgangers of loseerders, hoogstens drie in getal, nie geag word om die uitleen, verhuur of onderverhuur van die geboue te wees nie;

2. diefstal (of enige poging daartoe) vanuit enige Huishoudelike Buitegeboue, tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaardgaan met inbreek in of uitbreek uit sodanige Huishoudelike Buitegeboue deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele.

**Diefstal vanuit Huishoudelike Buitegeboue (nie-sigbare en nie-kragdadige middele).** Diefstal (of enige poging daartoe) vanuit die Huishoudelike Buitegeboue welke sodanige diefstal of poging tot diefstal nie gepaardgaan nie met inbreek in of uitbreek uit sodanige Huishoudelike Buitegeboue deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele.

Die versekerde bedrag ingevolge hierdie gevaar word bereken gebaseer op die persentasie van die versekerde bedrag van Inhoud en sal verhoog of verminder met enige veranderinge in die versekerde bedrag van Inhoud.

**Toevallige skade – Inhoud.** Toevallige verlies van of skade aan Inhoud onderwyl in die Versekerde se Private Woning, Huishoudelike Buitegeboue of op die perseel waarop die voormelde geboue geleë is met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie ingevolge hierdie gevaar met betrekking tot:

1. verlies van of skade:

   1.1 wat betaalbaar of versekerbaar is ingevolge enige ander versekerde gevaar of uitbreiding ingevolge hierdie afdeling hetsy sodanige gevaar of uitbreiding deur die Versekerde verseker is, of nie;

   1.2 as gevolg van waardevermindering of geleidelikwerkende oorsake soos, maar nie beperk nie, tot slytasie, roes, muf, wegvreting en verrotting;

   1.3 veroorsaak deur huishoudelike peste soos, maar nie beperk nie, tot knaagdiere, miere en motte;

   1.4 veroorsaak deur ‘n proses van skoonmaak, herstel of opknapping;

   1.5 van of aan gereedskap, tuinmaakwerktuie, tuinmeubels of outomatiese swembadskoonmaakapparate;

   1.6 van of aan draagbare rekenaartoerusting of sellulêre telefone;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

2. toevallige skade, kraak of skraap van glas, glasware, sanitêre ware, spieëls of ander soortgelyke breekbare artikels of dit deel is van enige meubelstuk of toestelle, of nie (hierdie uitsluiting sal nie van toepassing wees nie waar enige meubels of andersins versekerde item wat die glas bevat, ander skade gelei het in dieselfde voorval wat gedek is deur hierdie gevaar en die beskadigde glas deel vorm van die oorhoofse skade);
3. die koste van reproduksie of herstel van data;
4. meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking.

**Toevallige skade – Glas**. Toevallige brekasie van:

1. glas, glasware, spieëls, glasblaaie wat deel vorm van meubels of enige toestelle (hierna in hierdie gevaar verwys na as glas) binne die Versekerde se Private Woning of Huishoudelike Buitegeboue, maar wat nie deel vorm van die gebou(e) nie;
2. glas wat deel vorm van die gebou(e) waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is as huurder en nie as eienaar nie en waar daar nie van die Versekerde vereis word om die res van die gebou(e) teen enige ander gevare te verseker nie.

Met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir:

1. skending, skrape of afsplintering tensy daar ‘n bars dwarsdeur die hele dikte van die glas of enige laminering daarvan is;
2. toevallige skade aan sanitêre ware.

**Toevallige Skade - Sanitêre ware**. Toevallige skade aan sanitêre ware van die Versekerde se Private Woning en Huishoudelike Buitegeboue insluitend, maar nie beperk nie, tot baddens, wasbakke, opwasbakke, toiletpanne, spoelbakke, staanders en spatplate. Met dien verstande dat:

1. dekking beperk is tot sodanige sanitêre ware waarvoor die Versekerde regtens verantwoordelik is as huurder en nie as eienaar nie en waar daar nie van die Versekerde vereis word om die res van die gebou(e) teen enige ander gevare te verseker nie
2. die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir afsplintering, skrape en ontsiering van die sanitêre ware.

**Insakking en grondverskuiwing.** Indien die tipe dekking in die bylae teenoor hierdie gevaar as "**uitgebrei**" aangedui is, is die volgende nie by hierdie gevaar ingesluit nie:

1. skade wat veroorsaak word deur of toeskryfbaar is aan foutiewe ontwerp of konstruksie of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;
2. skade wat veroorsaak word deur of toeskryfbaar is aan werksmense wat besig is met enige strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;
3. skade wat veroorsaak word deur of toeskryfbaar is aan uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede;
4. gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker is.

Indien die tipe dekking in die bylae teenoor hierdie gevaar as "**beperk**" aangedui is, dan sluit hierdie gevaar bykomend tot punte 1 tot 4 hierbo ook nie die volgende in nie:

5. skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan saamtrekking/inkrimping en/of die uitsetting van grond veroorsaak deur die vogtigheid/klammigheid of voginhoud van sodanige grond soos ondervind in klei en ander soortgelyke grondtipes;
6. skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan onvoldoende kompaktering van vulgrond.

Indien die Maatskappy in enige aksie, geregtelike geding of ander verrigting beweer dat skade uit hoofde van uitsluitings 1 tot 6 nie deur hierdie gevaar gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**Ineenstorting of brekasie van antennastelsels en satellietskottels.** Ineenstorting of brekasie van antennas, antennamaste of satellietskottels, met dien verstande dat indien dieselfde dekking ingevolge die

Vir interne makelaarsgebruik deeltlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Huiseienaars afdeling van toepassing is op dieselfde gebeurtenis, sal vergoeding betaal word ingevolge die Huiseienaars afdeling.

**Lekkasie van olie vanuit olieverwarmers.** Verlies of skade aan die versekerde Inhoud as gevolg van toevallige lekkasie van olie vanuit vaste olieverhittingsinstallasies.

**Oproer en staking (behalwe RSA en Namibië).** Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal oproer en staking beteken skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike onrus, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie gevaar nie die volgende dek nie:

1. verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;
2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;
3. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;
4. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;
5. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1 (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1 tot 5 hierbo beweer dat hierdie gevaar nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**Toevallige skade – Meganiese/elektriese/elektroniese breekskade** van die versekerde Inhoud.

**Diefstal van eiendom in die ope**, maar beperk tot:

1. diefstal van Inhoud gedurende die verwyderingsproses wat volg op permanente verandering van woning of onderwyl in transito na of van die inhandiging by enige bankkluis of meubelbewaarplek wat geregistreer is vir die berging van goedere; en
2. onderwyl binne die gebiedsgrense van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

Die versekerde bedrag ingevolge hierdie gevaar word bereken gebaseer op die persentasie van die versekerde bedrag van Inhoud en sal verhoog of verminder met enige veranderinge in die versekerde bedrag van Inhoud.

**Diefstal vanuit 'n voertuig**, maar beperk tot:

1. Inhoud, maar uitgesluit Inhoud wat versekerbaar is ingevolge "Klerasie en persoonlike besittings" van die Persoonlike Alle Risiko afdeling;
2. Inhoud in 'n voertuig onderwyl binne die gebiedsperke van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek;
3. Voertuie wat nie onbewaak gelaat word nie en gesluit is.

Vir die doeleindes van hierdie gevaar sal "Klerasie en persoonlike besittings" beteken klerasie, brille,

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

kontaklense, gehoorapparate, penne, potlode, skoonheidsmiddels en hulle houers, sigarethouers en – aanstekers, juwele en juweliersware, persoonlike ornamente, horlosies, pelse, goue of silwer artikels of ander soortgelyke artikels wat gewoonlik aan of by ‘n persoon gedra word, elektriese en ander skeermesse, sambrele, handsakke, tasse, sakrekenaars, draagbare rekenaartoestelle soos elektroniese dagboeke, draagbare projektors en ander draagbare fotografiese toerusting, draagbare radio’s en draarbare kassetspelers of kompakskyfspelers, verkykers, vuurwapens, sporttoerusting sowel as trommels, reistasse en ander houers waarin die eiendom gehou word terwyl gereis word, babatoerusting soos stootkarretjies en karstoele vir kinders.

**Kragstuwing** met dien verstande dat hierdie gevaar nie kragstuwings dek wat uit weerlig voortspruit nie.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Onderworpe andersins aan die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## Inhoud van yskaste en vrieskaste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld word, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel opvolgend tot toevallige bederwing van die inhoud van ys- of vrieskaste (insluitend vrieskamers en koelkamers) binne die Versekerde se Private Woning of Huishoudelike Buitegeboue weens temperatuurveranderinge, met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir:

1. bederwing weens die doelbewuste afsny van krag of beurtkrag (tensy die afsny van krag of beurtkrag langer as 24 uur duur) deur enige munisipaliteit of kragvoorsieningsowerheid;
2. bederwing veroorsaak deur iemand wat die temperatuurkontrole stel;
3. bederwing as gevolg van die afsny van krag weens nie-betaling vir enige kragvoorsiening of nie-aankoop van krag of enige tipe brandstof.

Die versekerde bedrag ingevolge hierdie uitbreiding word bereken gebaseer op ‘n persentasie van die versekerde bedrag vir Inhoud en sal verhoog of verminder met enige veranderinge in die versekerde bedrag vir Inhoud.

## Koste van sloping (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan word ten opsigte van die verwydering van puin van versekerde Inhoud vanaf die Versekerde se Private Woning, Huishoudelike Buitegeboue en die gebied onmiddellik aangrensend tot sodanige terrein, met dien verstande dat die totale bedrag wat verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag op die eiendom wat geraak word, beloop.

## Kredietkaarte, kredietkoepons en SIM-kaarte (vir gebruik in selfone) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld word, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel opvolgend tot die onwettige gebruik deur ‘n persoon, wat nie aan die Versekerde verwant of in diens van die Versekerde is nie, van:

1. kredietkaarte of kredietbewyse wat amptelik deur ‘n kredietinstansie in die Versekerde se naam uitgereik is, met dien verstande dat alle terme en voorwaardes ingevolge waarvolgens die kredietkaarte en kredietbewyse uitgereik is, nagekom is;

2. SIM-kaarte wat in die Versekerde se naam uitgereik is.

Vir interne makelaargebruik alleenlik, van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Skade aan eiendom deur bobbejane (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag en enige eerste bedrag betaalbaar in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir verlies of skade aan die versekerde Inhoud veroorsaak deur die optrede van wilde bobbejane of wilde ape.

## Skade aan eiendom deur wilde diere (uitgesluit bobbejane) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag en enige eerste bedrag betaalbaar in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir verlies of skade aan die versekerde Inhoud veroorsaak deur die optrede van wilde diere, maar uitgesluit skade veroorsaak deur wilde bobbejane of wilde ape.

## Dood van die Versekerde (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy vergoeding betaal indien die Versekerde of 'n naby familielid binne 90 dae sterf weens 'n besering opgedoen in die Versekerde se Geboue of op die Versekerde se perseel deur brand of aanval deur diewe.

## Brandbluskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die Versekerde Inhoud te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees, met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die Versekerde Eiendom deur die brand bedreig is.

## Voltal (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel tot en met die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word vir koste wat deur die Versekerde aangegaan word wat ontstaan in die geval waar die Versekerde 'n voltal behaal in rolbal, op 'n rolbalbaan wat geaffilieer is met 'n provinsiale unie, in terme van die aanvaarde reëls van rolbal, met dien verstande dat die voltal deur die Versekerde behaal word terwyl hy/sy as 'n amateur deelneem, in 'n amptelike kompetisie, as deel van 'n span van twee, drie of vier, wat 'n voltal behaal, met al ag of nege balle wat tel. Die voltal moet skriftelik bevestig word deur die sekretaris van die rolbalklub.

## Tuine en watervoorwerpe (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag en enige eerste bedrag betaalbaar in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir koste deur die Versekerde aangegaan as huurder en nie as eienaar nie en waarvoor hy verantwoordelik is om landskaptuine en watervoorwerpe te herstel wat beskadig is deur:

1. enige versekerde gevaar wat in terme van die betrokke perseel op die bylae as ingesluit aangedui is, of ander Versekerde Eiendom terselfdertyd verloor of beskadig is, of nie; of
2. die bedrywighede van enige nooddiens(te) by die versekerde persele as gevolg van sodanige versekerde gevaar.

## Kolhou (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel tot en met die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word vir koste wat deur die Versekerde aangegaan word in die geval waar die Versekerde 'n kolhou slaan in gholf, op 'n erkende gholfbaan, in terme van die aanvaarde reëls van gholf, met dien verstande dat die kolhou deur die Versekerde behaal word terwyl hy/sy as amateur aan 'n amptelike spel/toernooi deelneem, en skriftelik bevestig deur die sekretaris van die gholfklub.

## Ongeriefsdekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die versekerde bedrag soos in die bylae vermeld aan die Versekerde betaal met betrekking

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

tot enige diverse ongeriefskoste wat aangegaan is as gevolg van die versekerde Inhoud wat 'n algehele verlies lei deur 'n versekerde gevaar van hierdie afdeling. Hierdie betaling word gedoen bo en behalwe enige ander betaling waarvoor die Maatskappy aanspreeklik mag wees en geen stawende fakture of dokumentasie sal benodig word vir hierdie uitgawes nie.

## Versekerde eiendom weg van die versekerde perseel

Indien en in soverre die Inhoud verseker ingevolge hierdie afdeling nie andersins verseker is nie, word hierdie afdeling uitgebrei om sodanige Inhoud te dek wat verwyder is uit die Versekerde se Private Woning en Huishoudelike Buitegeboue en terwyl:

1. geleë in enige private woonhuis/woonstel, hotel, herberg, losieshuis, klub, verpleeginrigting, hospitaal, skool of kollege of universiteit of ander soortgelyke opvoedkundige inrigting, al die voormelde waar die Versekerde of Medeversekerde(s) tydelik mag inwoon tydens die verlies of skade;
2. in bewaring gegee by enige hotel, herberg, losieshuis, klub (behalwe opsluitplek), bank, veilige bewaringsloket, of meubelbewaarplek wat geregistreer is vir die berging van goedere;
3. tydelik in die woongedeelte van enige bewoonde private woonhuis / woonstel;
4. in die gebou van enige wassery of ander bedryf vir die doel om gemaak, verander, opgeknap, herstel, skoongemaak of gekleur te word;
5. in die gebou van enige kantoor, besigheids- of handelsinstansie waar die Versekerde of Medeversekerde(s) werksaam is;
6. in transito of tydelik elders buiten by die plekke vermeld in 1 tot 5 hierbo teen verlies of skade veroorsaak deur die versekerde gevare van brand, weerlig of ontploffing.

Met dien verstande dat:

1. die plekke soos na verwys in 1 tot 6 hierbo te alle tye geleë is binne die gebiedsperke van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek;
2. dekking weg van die versekerde persele soos uiteengesit in 1 tot 5 hierbo beperk is tot dieselfde gevare wat in die bylae as ingesluit vermeld is vir die betrokke versekerde perseel vanwaar sodanige Inhoud verwyder is;
3. diefstal (of enige poging daartoe) vanuit enige gebou vermeld in 4 en 5 van hierdie uitbreiding, nie gedek is nie tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaardgaan met inbreek in of uitbreek uit sodanige gebou deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele.

## Versekerde eiendom op die perseel wanneer nie in enige gebou (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag vermeld in die bylae word dekking uitgebrei om verlies van of skade aan Inhoud in te sluit buite die Versekerde se Private Woning en Huishoudelike Buitegeboue, maar op die perseel waarop die Versekerde se Private Woning geleë is. Hierdie uitbreiding word beperk tot Inhoud wat ontwerp is om buite geboue of in die ope te bestaan, insluitende, maar nie beperk nie, tot wasgoed, tuinmeubels, tuinmaakwerktuie (behalwe tuinmaakwerktuie wat norrnaalweg deur 'n bestuurder beheer word), tuinmaakgereedskap en outomatiese swembadskoonmaakapparate. Indien die Versekerde die huurder van die woning is, word die Versekerde se satellietskottel wat op die perseel geïnstalleer is, deur hierdie uitbreiding gedek.

Die versekerde bedrag ingevolge hierdie uitbreiding word bereken gebaseer op 'n persentasie van die versekerde bedrag vir Inhoud en sal verhoog of verminder met enige veranderinge in die versekerde bedrag vir Inhoud.

## Verlies van geld (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag in die bylae vermeld word dekkking uitgebrei om verlies van of skade aan die Versekerde of 'n Medeversekerde se Geld in te sluit terwyl dit binne die Versekerde se Private Woning is en veroorsaak deur enige van die versekerde gevare wat in die bylae as ingesluit vermeld is. Diefstal van Geld moet gepaardgaan met inbreek in of uitbreek uit die Versekerde se Private Woning deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele. Die versekerde bedrag sal per gebeurtenis van toepassing wees ongeag hoeveel van die Medeversekerde se Geld verlore of beskadig is bykomend tot die Versekerde se Geld, in dieselfde gebeurtenis.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Verlies van water (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy betaal tot hoogstens die versekerde bedrag vir heffings wat deur 'n plaaslike owerheid neergelê word vir water wat verloor is deur lekkasie uit pype op die Versekerde se eiendom, met dien verstande dat:

1. Die verbruikslesing minstens 50 persent meer moet wees as die gemiddeld van die voorafgaande vier lesings;
2. Die Versekerde onmiddellike stappe moet doen om die lekkende pyp(e) by ontdekking van ´n lek te herstel (deur fisiese bewyse of by ontvangs van ´n buitengewone hoë waterrekening).

Hierdie uitbreiding dek nie:

1. Die koste van die opspoor en herstel van die lekkende pype;
2. Meer as twee afsonderlike voorvalle binne enige tydperk van twaalf maande;
3. Verlies van water:
   - 3.1 as gevolg van lekkende krane, waterverhittingstoestelle of toiletstelsels;
   - 3.2 uit swembadstrukture of invloei- of uitvloeipype daarvan;
   - 3.3 terwyl die eiendom vir 'n tydperk van meer as 60 agtereenvolgende dae onbewoon is.

## Mediese uitgawes (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag (per persoon) in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy betaal vir mediese uitgawes, wat nie andersins gedek is nie, vir toevallige liggaamlike besering opgedoen deur:

1. enige persoon, uitgesluit die Versekerde of 'n Medeversekerde of 'n persoon in die Versekerde of 'n Medeversekerde se diens, wat direk veroorsaak is deur die Versekerde of 'n Medeversekerde se huisdier wat op die Versekerde se perseel gehou word;
2. gas of besoeker van die Versekerde of 'n Medeversekerde, wat direk veroorsaak is weens 'n defek in die geboue of perseel;
3. huishoudelike werknemer van die Versekerde of 'n Medeversekerde wat ontstaan uit die loop van hul diens.

Met dien verstande dat sodanige uitgawes nie deur enige mediese versekering gedek is nie.

## Nuutverkrygde inhoud (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die Versekerde bykomende Inhoud gedurende die versekeringstydperk (indien die premie maandeliks deur middel van 'n debietorder betaal word, word die woord "versekeringstydperk" verander om te lees "vir enige enkele tydperk van 12 agtereenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum) verkry het en foutiewelik nie die versekerde bedrag van Inhoud verhoog het nie, sal die Maatskappy die Versekerde ingevolge hierdie uitbreiding skadeloos stel vir verlies of skade deur die versekerde gevare aan sodanige nuutverkrygde Inhoud, met dien verstande dat:

1. die Versekerde kan bewys dat die verkryging van sodanige Inhoud wel plaasgevind het gedurende die versekeringstydperk;
2. die skadeloosstelling verskaf ingevolge hierdie uitbreiding beperk is tot die minste van:
   - 2.1 die omvang van die tekort waarvoor die Versekerde nie ingevolge die item van Inhoud gedek is nie weens die feit dat die versekerde bedrag onvoldoende is of weens die toepassing van eweredigheid wat aangewend word; of
   - 2.2 die versekerde bedrag van hierdie uitbreiding.

## Persoonlike besittings van huisbediendes (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy skadeloosstelling verskaf vir verlies of skade veroorsaak deur 'n versekerde gevaar aan die

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

persoonlike besittings van enige bediende in die voltydse diens van die Versekerde of Medeversekerde(s) terwyl die persoonlike besittings in die Versekerde se Private Woning of Huishoudelike Buitegeboue gehou word, met dien verstande dat:

1. sodanige persoonlike besittings nie andersins verseker is nie;
2. verlies of skade deur diefstal (of enige poging daartoe) uitgesluit is tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaardgaan met inbreek in of uitbreek uit die geboue deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele;

Die versekerde bedrag ingevolge hierdie uitbreiding word bereken gebaseer op ‘n persentasie van die versekerde bedrag vir Inhoud en sal verhoog of verminder met enige veranderinge in die versekerde bedrag vir Inhoud.

## Persoonlike besittings van gaste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir verlies of skade veroorsaak deur ‘n versekerde gevaar aan die persoonlike besittings wat aan enige besoeker van die Versekerde of Medeversekerde(s) behoort, terwyl die persoonlike besittings in die Versekerde se Private Woning gehou word, met dien verstande dat sodanige persoonlike besittings nie andersins verseker is nie.

Die versekerde bedrag ingevolge hierdie uitbreiding word bereken gebaseer op ‘n persentasie van die versekerde bedrag vir Inhoud en sal verhoog of verminder met enige veranderinge in die versekerde bedrag vir Inhoud.

## Huur (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir verlies van huurgeld wat werklik deur die Versekerde gely is as gevolg daarvan dat die Versekerde se Private Woning sodanig beskadig is (deur ‘n versekerde gevaar wat in die bylae as ingesluit vermeld word), dat dit onbewoonbaar gemaak word en redelike bykomende koste noodsaaklikerwys deur die Versekerde by ‘n hotel of losieshuis aangegaan, maar slegs ten opsigte van die tydperk wat vir herstelling nodig is. Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding sal nie die % (in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld) van die versekerde bedrag van die versekerde Inhoud, oorskry nie.

## Stoorkoste vir Inhoud na skade (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir noodsaaklike stoorkoste wat deur die Versekerde aangegaan is om die Versekerde se Inhoud te beveilig na die plaasvind van ‘n versekerde gevaar wat in die bylae as ingesluit gespesifiseer is.

Die versekerde bedrag ingevolge hierdie uitbreiding word bereken gebaseer op ‘n persentasie van die versekerde bedrag vir Inhoud en sal verhoog of verminder met enige veranderinge in die versekerde bedrag vir Inhoud.

## Tydelike verhoging van die versekerde bedrag (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekerde bedrag vir Inhoud ingevolge hierdie afdeling word vanaf 15 Desember tot 31 Januarie verhoog met die % soos in die bylae onder hierdie uitbreiding vermeld.

Die verhogingsvoordeel wat deur hierdie uitbreiding verskaf word sal bykomend wees tot die verhogingsvoordeel wat deur die uitbreiding “Verhoging tydens hoogseisoen” (indien verseker), verskaf word, maar beide hierdie uitbreiding en die uitbreiding vir “Verhoging tydens hoogseisoen” sal bereken word op die versekerde bedrag vir Inhoud voor enige verhogingsvoordeel van hierdie twee uitbreidings.

## Opspoor van waterlekkasies (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel tot en met die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir:

1. die redelike koste om die bron op te spoor van enige water-, gas- of olielekkasie in die geboue van die Versekerde se Private Woning en Huishoudelike Buitegeboue;
2. herstel van beskadigde vloere, mure en plafonne waar sodanige skade aangegaan is tydens die oopmaak van sodanige strukture ten einde die lekkasie op te spoor, waar die Versekerde verantwoordelik is vir sodanige herstel as huurder en nie as eienaar nie.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Met dien verstande dat die Maatskappy nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik sal wees nie:

1. waar die eerste tekens van die lekkasie waargeneem is voor die inwerkingtreding van hierdie uitbreiding;

2. vir die koste om die lekkasie te herstel.

### **Vervoer van kruideniersware en huishoudelike goedere** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag en enige eerste bedrag betaalbaar in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy betaal vir verlies van of skade aan kruideniersware en huishoudelike goedere wat die Versekerde of 'n Medeversekerde na die aankoop daarvan volgens 'n redelike direkte roete na die Versekerde se Private Woning toe vervoer.

### **Traumabehandeling – Algemeen** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy betaal vir mediese uitgawes, wat nie andersins verseker is nie, vir traumabehandeling deur 'n sielkundige indien die Versekerde of 'n Medeversekerde behandeling nodig het weens brand of diefstal wat in die Versekerde se Private Woning of Huishoudelike Buitegeboue of op die Versekerde se perseel plaasgevind het. Die versekerde bedrag sal van toepassing wees per gebeurtenis ongeag hoeveel Medeversekerdes behandeling benodig bykomend tot die Versekerde wat volg op dieselfde gebeurtenis.

### **Veeartskoste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy betaal vir veeartskoste vir beserings wat die Versekerde se huishoudelike troeteldier (uitgesluit diere wat aangehou word vir privaat slagdoeleindes of vir kommersiële gebruik) in 'n ongeluk waarby 'n motorvoertuig betrokke is, opdoen.

# BYKOMENDE UITBREIDINGS VIR B & B'S OF GASTEHUISE

Die uitbreidings hieronder is slegs van toepassing indien die Versekerde 'n B & B of gastehuis vanaf die Versekerde se Private Woning of Huishoudelike Buitegeboue bedryf en slegs indien die Versekerde op 'n permanente grondslag in die Private Woning bly.

### **Skoonmaak en droogskoonmaak van gaste se eiendom** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag soos in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat voortspruit uit toevallige verlies van of skade aan gaste se wasgoed terwyl sodanige wasgoed skoongemaak of droogskoongemaak word deur die Versekerde of deur 'n derde party op die instruksie van die Versekerde.

### **Verhoging tydens hoogseisoen** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekerde bedrag van Inhoud wat in die bylae vir die hierdie afdeling genoem word, sal met die % verhoog wat in die bylae aangedui word vir:

1. langnaweke;

2. gedurende feeste in die nabyheid van die Versekerde se Private Woning;

3. gedurende skoolvakansies wat op die amptelike provinsiale skoolkalender genoem word.

Die verhogingsvoordeel wat deur hierdie uitbreiding verskaf word oor Desember/Januarie sal bykomend wees tot die verhogingsvoordeel wat deur die uitbreiding "Tydelike verhoging van die versekerde bedrag" (indien verseker), verskaf word, maar beide hierdie uitbreiding en die uitbreiding vir "Tydelike verhoging van die versekerde bedrag" sal bereken word op die versekerde bedrag vir Inhoud voor enige verhogingsvoordeel van hierdie twee uitbreidings.

### **Persoonlike besittings van betalende gaste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld word, sal die

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir verlies van of skade wat ‘n versekerde gevaar veroorsaak aan die persoonlike besittings (uitgesluit Geld en enige items van ‘n verhandelbare aard) wat aan betalende gaste behoort terwyl die persoonlike besittings in die Versekerde se Private Woning is, op voorwaarde dat sodanige persoonlike besittings nie andersins verseker is nie.

### **Bedryfsvoorraad** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die omskrywing van Inhoud word uitgebrei om bedryfsvoorraad in te sluit, op voorwaarde dat die versekerde bedrag vir Inhoud wat in die bylae vermeld word, voldoende is. Indien die versekerde bedrag nie voldoende is nie en hierdie uitbreiding is in die bylae as ingesluit aangedui, sal eweredigheid toegepas word op die grondslag dat die versekerde bedrag voldoende moes gewees het om bedryfsvoorraad in te sluit.

### **Traumabehandeling van betalende gaste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderhewig aan die versekerde bedrag wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld is, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir enige fooie wat ‘n geregistreerde professionele berader hef vir die behandeling van trauma wat deur ‘n betalende gas gely is as die gas behandeling nodig het as gevolg van diefstal, inbraak, kaping of brand wat op die Versekerde se perseel plaasgevind het. Die Maatskappy sal nie die Versekerde skadeloos stel nie vir uitgawes wat van enige ander versekering of fasiliteit verhaal kan word.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

1. Die volgende eiendom sal nie as versekerde Inhoud geag word nie en sal gevolglik nie ingevolge hierdie afdeling gedek wees nie:

   1.1 eiendom meer spesifiek verseker;

   1.2 enige eiendom, ongeag of dit verwerk word al dan nie, wat aangeskaf is of aangeskaf word met die uitsluitlike doel om sodanige eiendom later in ‘n handelstransaksie van die hand te sit (behalwe as daar spesifiek voorsiening gemaak word daarvoor in die uitbreiding: bedryfsvoorraad vir B & B’s of Gastehuise indien in die bylae as ingesluit vermeld);

   1.3 enige eiendom wat kragtens ‘n vragbrief versend is;

   1.4 enige eiendom buite die gebied van die Republiek van Suid-Afrika, Namibie, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek;

   1.5 Geld, sekuriteite vir Geld, aktes, obligasies, wissels, promesses, tjeks, posorders en poswissels, verhandelbare en ander dokumente van enige soort, seëls van enige soort (met insluiting van onder meer seëlversamelings), manuskripte, seldsame boeke, medaljes en muntstukke van enige soort ( met insluiting van onder meer muntversamelings) behalwe as daar spesifiek voorsiening gemaak word daarvoor ingevolge die uitbreiding vir “Verlies van geld” indien in die bylae as ingesluit vermeld;

   1.6 voertuie van enige soort (met insluiting van onder meer selfaangedrewe tuinmaakwerktuie wat normaalweg deur ‘n bestuurder beheer word, maar met uitsluiting van trapfietse wat nie meganies of elektries aangedrewe / ondersteun is nie) en enige deel (met insluiting van, maar nie beperk nie ,tot enige noodwiel, gereedskap, onderdeel en toebehore) van sodanige voertuie terwyl dit in of op of aan sodanige voertuie is;

   1.7 vaartuie of watervaartuie van enige soort (met insluiting van kano’s) en enige deel (met insluiting van, maar nie beperk nie, tot enige gereedskap, onderdeel, toebehore en buiteboordmotor) daarvan;

   1.8 lugvaartuie en ander lugtoestelle van enige soort en enige deel (met insluiting van, maar nie beperk nie, tot enige gereedskap, onderdeel en toebehore) daarvan;

   1.9 diere.

2 Hierdie afdeling dek nie die volgende nie:

   2.1 enige gevolglike of indirekte verlies of skade van enige soort of beskrywing wat ook al, behalwe verlies van huurgeld soos uitdruklik voorsiening gemaak word in die uitbreiding: “Huur”, indien in die bylae as ingesluit vermeld;

   2.2 enige verlies of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word deur aanhouding, konfiskasie of

Vir interne/makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

rekwisisie deur doeane- of ander beamptes of owerhede;

2.3 enige verlies of skade wat ontstaan uit of wat verband hou met enige ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsel en/of bedrog.

3 Die Maatskappy sal nie ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik wees nie ten opsigte van verlies of skade waarvoor voorsiening gemaak is in enige waarborg of dienskontrak of in enige koop-, bruikhuur-, huurkoop- of finansieringsooreenkoms of enige ander ooreenkoms van watter aard ook al rakende die versekerde Inhoud of enige deel daarvan.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Eweredigheid

Indien die Versekerde Inhoud, by die aanvang van enige verlies of skade aan sodanige Inhoud deur enige versekerde gevaar, gesamentlik van groter waarde is as die bedrag verseker ten opsigte daarvan, dan sal die Versekerde geag word om hulle eie versekeraar vir die verskil te wees en moet die Versekerde dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra. Elke item, indien daar meer as een is, sal afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe wees.

Hierdie voorwaarde sal nie van toepassing wees nie op enige verlies vir die volgende versekerde gevare:

1.1 Toevallige skade - Inhoud;

1.2 Toevallige skade – Glas;

1.3 Toevallige skade – Sanitêre ware;

1.4 Toevallige skade – Meganiese/elektriese/elektroniese onklaaraking;

1.5 Kragstuwing.

## 2. Skikkingsgrondslag

In die geval van verlies van of skade aan die versekerde Inhoud deur enige van die gevare waarteen ingevolge hierdie afdeling verseker is, sal die grondslag waarop die skadeloosstelling bereken word die koste wees om die verlore of beskadigde eiendom of gedeelte daarvan met soortgelyke nuwe eiendom te vervang, altyd beperk tot die versekerde bedrag soos in die bylae vermeld.

Die Maatskappy sal skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verleen deur na die Maatskappy se eie keuse:

2.1 of die waarde van die verlore of beskadigde versekerde Inhoud in kontant aan die Versekerde te betaal;

2.2 of die verlore of beskadigde versekerde Inhoud te vervang;

2.3 of die beskadigde versekerde Inhoud te herstel;

2.4 of enige kombinasie van 2.1 tot 2.3 hierbo toe te pas.

## 3. Versekerde bedrag van versekerde gevare

Die maksimum aanspreeklikheid van die Maatskappy vir enige versekerde gevaar is:

3.1 die versekerde bedrag soos vermeld in die bylae vir die spesifieke versekerde gevaar; of

3.2 indien daar geen spesifieke versekerde bedrag vir die betrokke versekerde gevaar is nie, dan sal die maksimum aanspreeklikheid wees die versekerde bedrag van Inhoud in die bylae vir die spesifieke item waaronder die gevaar verskyn.

## 4. Meer as een versekerde private woning

Indien die Inhoud van twee of meer van die Versekerde se Private Wonings en hulle onderskeie

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Huishoudelike Buitegeboue ingevolge hierdie afdeling as aparte items met hulle eie versekerde bedrae vir Inhoud, verseker is, sal die bepalings, beperkings, uitsluitings en voorwaardes wat in hierdie afdeling vervat is, afsonderlik op die Inhoud van elkeen van sodanige Private Wonings en hulle onderskeie Huishoudelike Buitegeboue van toepassing wees asof die Inhoud van elkeen van sodanige Private Wonings en hulle onderskeie Huishoudelike Buitegeboue kragtens ‘n afsonderlike polis verseker is.

## 5. Beperking van waardevolle items (indien in die bylae ass ingesluit vermeld)

Waardevolle items soos pelse, edel- en halfedelmetale en –stene en artikels wat daaruit vervaardig is, word beperk tot een derde van die versekerde bedrag vir Inhoud.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge